

## 9. BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

### 9.1 HISTORIESE ONTWIKKELING

Uit hoofstukke 2 en 3 blyk duidelik dat die huidige, verwarde patroon van onderwysstatistieke 'n gevolg van onbeplande ontwikkeling en 'n dordrewe drang na sentralisasie is (kyk veral 3.1 en 3.2).

Reeds sedert sy ontstaan (in 1929) het die voormalige Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing hom vir sinvolle, gekoördineerde onderwysstatistieke en die interpretasie daarvan beywer. So ook TAKO, die RGN en die Nasionale Onderwysraad.

Tans is twee afsonderlike instansies kragtens wet verantwoordelik vir die insameling, verwerking en publikasie van (landswye) onderwysstatistiek (kyk 3.3).

Die tekortkominge van die huidige onderwysdatastelsel kan veral aan twee oorsake toegeskryf word:

#### 9.1.1 Oorsentralisasie

Die onsekerheid (en onenigheid) oor die wenslike mate van sentralisasie of desentralisasie het 'n verlamme uitwerking.

#### 9.1.2 Onsekerheid insake wetsbepalings

Die oorspronklike wette op statistieke het slegs in vae terme na "opvoedkundige sake" verwys. Nadat die betrokke artikels meer eksplisiet bevoord is, het verdere onsekerheid ontstaan deurdat die Wet op Geesteswetenskaplike Navorsing (Wet nr. 23 van 1968) ook voorsiening maak vir die hantering van onderwysstatistiek.

#### AANBEVELING 1

'n Sentrale Buro vir onderwysstatistiek moet in die lewe geroep word en dit moet funksioneer soos in 8.1.1 uiteengesit.

### 9.2 NODIGHEID VAN HERVORMING

Die argumente en uiteensettings van hoofstukke 4 en 8 hoef nie herhaal te word nie. Gemeet aan die vereistes in 4.4 en 5.7.2 gestel, is dit duide-

lik dat die huidige onderwysdatastelsel nie aan sy doel beantwoord nie. Ook word nog nie genoegsaam van tegnologiese hulpmiddels gebruik gemaak nie.

Lapwerk aan die huidige stelsel sal nie bevredigend wees nie. Dit is nodig dat die hele stelsel grondig hersien en ingrypend hervorm moet word.

#### AANBEVELING 2

Die huidige onderwysdatastelsel moet vervang word deur 'n geïntegreerde, gedentraliseerde, geoutomatiseerde onderwysdatastelsel soos in hoofstuk 8 hierbo beskryf. Dit sluit die aanbevelings in 4.3.1 en 4.3.2 (d) in.

### 9.3 GEGEWENS VAN INDIVIDUE

Die belangrikheid van statistieke op individuele grondslag blyk veral uit hoofstukke 4 en 5. In toonaangewende lande word die beskikbaarheid van statistiese gegewens van individue as noodsaaklik en vanselfsprekend beskou. Ook in Suid-Afrika bestaan daar 'n dringende behoefte aan sulke sinvolle statistieke. In dié behoefte kan die beste voorsien word deur elektroniese toerusting en tegnieke te gebruik (kyk veral hoofstuk 7).

Die insameling van individuele gegewens kulmineer in die byhou van sekere sentrale registers. In dié vorm is dit ook toeganklik vir administrerders, beplanners en navorsers.

#### AANBEVELING 3

Alles moet in die werk gestel word om individuele gegewens van leerlinge (sekondêr), studente, onderwysers en onderwysinrigtings so spoedig as moontlik op landswye skaal in te samel en tot sentrale registers te verwerk, soos in 8.2 uiteengesit.

### 9.4 DIE PAD VORENTOE

Die foute van die verlede moet reggestel word en nie herhaal word nie. 'n Wakende oog moet oor die verdere ontwikkeling van die onderwysdatastelsel gehou word, en navorsing moet voortdurend gedoen word om optimale doeltreffendheid, gemeet aan die vereistes in 4.4 en 5.7.2 gestel, en optimale benutting van tegnologiese hulpmiddels te verseker.

Een baie belangrike navorsingshulpmiddel is die tegniek van wiskundige modelle (kyk hoofstukke 5 en 6). Navorsing oor en met wiskundige modelle van die onderwysstelsel moet volgehou word, en daar moet in voeling gebly word met wat in ander lande op hierdie en verwante gebiede gedoen word.

Dit sal ook raadsaam wees om voortdurend noue samewerking tussen die nasionale bevolkingsregister en die voorgestelde buro vir onderwysstatistiek te verseker. Hulle sal nuttige dienste aan mekaar kan lewer, wat gegewens van Blankes, Kleurlinge en Asiate betref.

Aangesien Bantoe-onderwys in die toekoms waarskynlik onder verskillende gebiedsowerhede sal ressorteer (volgens L6; kyk ook D2), kan die presiese vloei van gegewens nie op hierdie stadium bepaal word nie. Daar is egter geen rede waarom dit nie ook soos in 8.1.3 sal geskied nie, selfs al word die gebiede onafhanklik. Dan is daar des te meer rede dat elke gebied van meet af aan 'n doeltreffende onderwysdatastelsel moet hê, en nie eers die foute van die verlede (Blankes) sal herhaal nie.